MORELE BASIS VAN DIE VERSKEIE VRYHEIDSINISIATIEWE

Deur Hein Marx

10 Oktober 2015

- Ons morele basis vir ons Vryheidsinisiatiewe as Christenvolk beskou ek as n morele VERPLIGTING
- As Christenvolk het ons eerstens n verpligting teenoor God Almagtig om Sy kinders die Vryheid te gee om Hom vrylik te aanbid.
    1. Christenskap is uit skole verban
    2. In skole word geensins meer die Vryheid vir die kinders, sowel as die Christen onderwysers gegun om enigsins ons Christen praktyke uit te leef of aan te hang nie.
    3. In die parlement is Christenskap uitgeskryf (miskien beter so)
    4. In die meeste van ons Christen Kerke, word die nuwe liberale idees aangehang en word afgesien van ons suiwer Christen geloof en konserwatiewe gebruike.
- Wat verstaan ons onder " Vryheidsinisiatiewe"
    1. Volgens die huidige grondwet word voorsiening gemaak volgens art 30, 31 en 185 vir Kulturele Selfbeskikking
    2. Art 235 maak voorsiening vir soewereine territoriale Selfbeskikking. Dit is waarna ons moet streef. Die vraag is net hoe? Daar bestaan nie net een regte antwoord nie en juis daarom MOET ons ALLE pogings vir Selfbeskkking ondersteun. Party se hulle wil oorlog maak….dit kan werk…… en dan SAL ons as Volk totaal deur die wereld afgesonder word en sal ons soos tydens Apartheid ekonomies nie met die wereld kan handel dryf nie. Ander persone se ons moet dit suiwer dmv n regsproses, intern sowel as Internasionaal doen. Dit kan werk, maar sal 50 jaar plus neem en is nie gewaarborg nie.

       n Ander manier waaraan ek tans werk is om die huidige wetgewings binne die bestaande raamwerk te gebruik en dit is om n ooreenkoms met die Bruin Volke te gebruik om ons politiese mag te vergroot en dan eers n Federale staat tot stand te bring. Daarna kan na n Konfederale staat beweeg word en indien dit die behoefte is na suiwer soewereine onafhanklike state.

       Hierdie proses is ook nie sonder sy probleme nie, waarvan een groot probleem is dat elke Volk, Bruin en Blank nie genoegsaam sal saamwerk in die begin vir Selfbeskikking nie, maar dat elkeen SLEGS sy eie agenda sal wil probeer druk. Ek is n trotse Blanke Christen, wat absoluut bereid is om saam te werk met die Bruin Volke, maar ek is nie altyd so seker of hulle die insig het om die einddoel te sien nie. Wat is die einddoel;

Die einddoel is en bly vir my om uiteindelik n Vrye Christen Volk met eie grondgebied te he wat in vrede met mekaar onder die absolute gehoorsaamheid aan God te leef volgens Sy gebooie. NIEMAND van ons hier as individue, of selfs as groep mag en kan besluit wat ons Volk wil he nie. Wat ons kan, mag en MOET doen is om ons volk leiding te gee oor wat ons moet doen en hoe ons daar moet uitkom. Juis daarin le ook die tema van dit waaroor ek gevra is om te praat. Ons morele basis (of Verpligting)….. God praat so duidelik oor SY weerbarstige Volk en hoe hulle aanmekaar leiding gegee moet word (Esegiel 2 en 3) Ons moet nie ophou om ons mense te berispe, aan te dui wat die regte pad is en leiding te gee waarheen ons oppad is nie…..Dit is n opdrag van God in Esegiel. Hier word niks gese van om buiteland toe te gaan om Sy woord uit te dra nie (Sendeling werk), maar in Sy land met jou eie mense in jou eie taal te praat.

Waarmee is ons besig? Ons is besig met Selfbeskikking en daardeur n toekoms vir ons kinders en nageslagte. Interressant hoe bang ons sg leiers en openbare figure is vir die woord SELFBESKIKKING. Ons is nie hier om uit te werk hoekom hulle bang is daarvoor nie, maar om die wetlike weg te vind om dit te verwesenlik. Maw ons is hier om die oplossing tot uitvoering te bring en nie om aanmekaar of vir nog 21 jaar net te PRAAT oor die probleem nie.

Nav die Montagu beraad op 23 Mei 2015 het verskeie organisasies betrokke geraak by hierdie samewerkings Alliansie wat tussen al ons groepe en Volkere tot stand gekom het. Ons doel om n magsblok van eendersdenkendes te vorm wat almal Selfbeskikking as doel het, het beslis die regte senuwees geraak. Die reaksie op sosiale media en beslis die kommentare in die Burger na Peter Marais en my radio onderhoude was uiters positief en oorweldigend. N Groep van oorsee het na die Montagu Beraad, selfs n petisie opgestel vir n Onafhanklike Kaap. Binne die eerste week was daar 2500 stemme wat dit ondersteun. Daar is nog radio onderhoude wat gaan plaasvind, want die radiostasie bestuurders wie my gekontak het, het dit duidelik gemaak dat hulle baie navrae ivm hierdie Federale Plan van ons gekry het.

Die bekende Suid Afrikaanse Grondwetkenner, Prof. Marinus Wiechers het dit onomwonde aan my gestel dat hy hierdie Beweging ondersteun en dat hy bly is om te sien dat die Bruin Volkere betrek word by hierdie proses. Ons doel om as verskillende Volkere saam te werk en mekaar te help en ondersteun om Selfbeskikking te bereik, beide Geografies en Korporatief, is goed op dreef.

Ons het nie noodwendig al die perfekte antwoorde nie, maar met vertroue in God glo ons dat deur besprekings en onderhandelinge met ander partye

groter helderheid sal kom. Federalisme is n sisteem wat van minderhede binne n bepaalde streek of Provinsie n meerderheid maak, wat dominansie van n Nasionale meerderheid verhoed.. Die huidige regering het in 1994 op twee geleenthede die ooreenkoms tot reg van minderhede by die Verenigde Nasies onderteken, maar bewys deur hulle blatante optredes en selfs wetgewings (Bv BBBEEE) dat hulle geensins enige erns met ons minderheids Volke het nie. Ons optredes en versoeke is absoluut binne die huidige Grondwet, sowel as binne Internasionale Reg.

Ons almal se plig vir die behoud van ons kinders en nageslagte se voortbestaan, is om die boodskap van Selfbeskikking aan al ons mense oor te dra. Ons kan die beste planne moontlik beraam, maar die uitvoering daarvan is onmoontlik sonder dat die oorgrote meerderheid van ons mense dit nie ondersteun nie. Ons mense moet verstaan…….of ons bly onder die huidige regering se onderdrukking van ons onderskeie Volke, of ons besluit en dring aan op eie regering van ons eie mense. Die begin hiervan is Federalisme.

Ek se nie dit is maklik of eenvoudig nie, maar ek se baie duidelik dit is moontlik. Dit hang net af hoe graag ons dit wil he. Ek weet waar ek staan, hoe graag wil u dit he???

Ek word ontsettend gereeld gevra wat mense kan doen om betrokke te raak en die antwoord is nog dieselfde…… Dit is ons Morele Verpligting om ons mense in te lig en op hoogte te hou van verwikkelinge

- Glo in God
- Moenie ophou om ons Volk in te lig en bewus te maak van ons Geloftes met God nie
- Oortuig mense om terug te keer tot God en maak daarvan n Volksbeweging om tot inkeer te kom
- Dra die boodskap van Selfbeskikking uit aan almal met wie jy te doen kry
- Maak dit duidelik dat geen groepie of nog minder n individue ons Volk se Selfbeskikking sal of kan beding nie, maar dat ons krag le in samewerking….wat was ons Volk se vorige leuse…..Eendrag maak mag!
- Slegs indien die meerderheid van ons mense daarop aandring, sal die regering moet luister na ons. Voordat ons nie kan bewys dat ons as Volk Selfbeskikking wil he nie, kan ons vergeet, selfs die Internasionale gemeenskap sal nie na ons luister nie.
- Lig ons mense in dat hulle voorbereid moet wees vir n ineenstorting van dienste deur die regering.
- Om voorbereid te wees beteken eenvoudig dat elke huisgesin ekstra nie bederfbare kos moet he

- Wettig bewapen moet wees, met wettig maksimum patrone van 200 per wapen
- n Plan moet he vir wanneer (nie as) daar totale anargie uitbreek. n Plan beteken om te weet waarheen om te gaan, saam met wie, wat moet saamgeneem word en wat moet gedoen word in die proses.
- Doringbosregering – Solidariteit, AB, ATKV, FW de Klerk Stigting ???

Om af te sluit. Ons geloof in God moet 100% suiwer en standvastig wees. Indien ons vehouding nie vertikaal met God reg is nie, kan ons onmoontlik nie dit wat ons hier op aarde vir ons Volk in geloof moet doen, in geloof horisontaal, reg doen nie.